

# Weet wat jou reg op voedsel is en hoe om dit op te eis

Tweede uitgawe



© OKTOBER 2008 COMMUNITY LAW CENTRE (UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE)

Skakel die volgende vir toestemming om afdrukke van hierdie boekie te maak:  
Trudi Fortuin (tfortuin@uwc.ac.za) of  
Socio-Economic Rights Project (serp@uwc.ac.za)

Community Law Centre  
Universiteit van die Wes-Kaapland  
Privaatsak X17  
Bellville 7535  
Tel: 021 959 2950  
Faks: 021 959 2411

SKRYWER: Sibonile Khoza  
REDAKSIONELE BYSTAND: Lilian Chenwi  
VERTALING: Bohle Conference and Language Services

PRODUKSIE:  
ONTWERP EN UITLEG: Page Arts cc  
DRUKWERK: Trident Press

Hierdie boekie is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Noorweegse Ambassade, deur die Norwegian Centre for Human Rights, en aanvullende befondsing deur die Ford Foundation. Die menings wat in hierdie boekie uitgespreek word, verteenwoordig nie noodwendig die amptelike mening van die Noorweegse Ambassade, die Norwegian Centre for Human Rights of die Ford Foundation nie.

# Inhoud

1. Inleiding	4
2. Wat is jou voedselregte in die Grondwet?	5
3. Hoe skakel jou reg op voedsel met ander regte?	6
4. Hoe beskerm internasionale wette jou reg tot voedsel?	6
5. Hoekom is internasionale wette belangrik vir jou?	8
6. Wat beteken die reg op voldoende voedsel?	9
7. Watter verantwoordelikhede en verpligtinge bring hierdie reg mee?	11
8. Hoe kan jou reg op voedsel geskend word?	14
9. Watter wette gee uitdrukking aan die reg op voedsel?	16
10. Watter beleid en programme gee uitdrukking aan jou reg op toegang tot voedsel?	17
11. Hoe kan jy jou reg op voedsel opeis en verdedig?	20



# 1. Inleiding



Voedsel is 'n basiese menslike behoefte. Elkeen het dit nodig om te oorleef. Hongerte kan 'n mens se dood veroorsaak. Mense het ook voedsel nodig om gesonde en aktiewe lewens te lei. Almal het voedsel nodig om te kan groei, leer, fisieke aktiwiteite uit te voer, te werk, en om aan sosiale en politieke aktiwiteite deel te neem.

Voedsel is noodsaaklik vir kinders om te ontwikkel en hulle volle potensiaal te bereik. Wanvoeding is die oorsaak van die meeste kindersterftes omdat dit die kind se lewe, gesondheid, fisieke en geestelike welstand asook sy of haar ontwikkeling affekteer. Kinders wat vroeg in hulle leeftyd wanvoeding ervaar, is gewoonlik nie in staat om aandag te skenk op skool nie, en mag swak vaar. Hulle sukkel ook om werk te kry. Om saam te vat: ons het voedsel nodig nie net om te leef nie, maar ook om gesonde en produktiewe lewens te lei.

Baie mense in Suid-Afrika word egter hierdie basiese menslike lewensmiddel ontnem. Meer as 14 miljoen mense in hierdie land ervaar voedselonsekerheid – dit beteken dat hulle nie genoeg voedsel van goeie gehalte het om hulleself mee te voed nie. Dié syfer het waarskynlik sedert die onlangse stygings in voedselpryse reeds toegeneem. Baie huishoudings word gedwing om ongesonde eetgewoontes aan te neem omdat hulle nie meer voedsel van goeie gehalte kan bekostig nie. Vir dié huishoudings wat voor die prysstygings al klaar gesukkel het om hulleself te voed, is die situasie baie ernstig.

Hoë vlakke van armoede en werkloosheid is die belangrikste oorsake van voedselonsekerheid in Suid-Afrika. Die meeste mense het nie toegang tot die middele om voedsel te produseer nie, soos byvoorbeeld grond en voldoende water. Baie mense het nie 'n gereelde inkomste om voedsel mee te koop vir hulle gesinne nie. Sommiges is so arm dat hulle moet bedel en van andere afhanklik is vir voedsel – ten koste van hulle waardigheid.

Suid-Afrika erken die belangrikheid van voedsel. Ons het 'n Grondwet wat die reg op voldoende voedsel spesifiek waarborg. Hierdie reg het tot nou toe egter min aandag gekry in vergelyking met ander sosio-ekonomiese regte (bv. gesondheid, behuising en water). Min mense weet dat die Grondwet hierdie reg beskerm. Hulle weet ook nie wat dit beteken en hoe om dit op te eis nie. Hoewel dit een van die regte is wat die meeste geskend word, was daar nog nie 'n hofspraak hieroor nie.



Die regering het nog nie wetgewing spesifiek oor hierdie reg ingestel nie. Die regering het egter reeds baie beleidsdokumente en programme aanvaar wat die reg moet implementeer. Dit is belangrik dat diegene wat uit die reg moet voordeel trek, veral arm mense wat nie voedselsekerheid het nie, omtrent hierdie programme weet.

Hierdie nuwe weergawe van die boekie

- verduidelik wat die 'reg op voedsel' beteken
- verduidelik hoe die Grondwet en internasionale wette dié reg beskerm
- beskryf die verpligtinge wat dit vir die staat meebring
- bied inligting oor die regering se beleid en programme, asook hoe om daartoe toegang te kry
- stel maniere voor om die reg op voedsel te bevorder.

## 2. Wat is jou voedselregte in die Grondwet?

Daar is drie afdelings in die Grondwet wat spesifiek die reg op voedsel vir verskillende groepe beskerm.

- (a) Artikel 27(1)(b) bepaal dat elkeen die reg het op toegang tot voldoende voedsel.
- (b) Artikel 28(1)(c) gee elke kind die reg op basiese voeding.
- (c) Artikel 35(2)(e) beskerm die reg van elke aangehoude persoon en prisonier op voldoende voeding.

Daar word spesifieke beskerming aan kinders en mense in tronke gegee omdat hulle nie oor die middele beskik om hulleself van voedsel te voorsien nie. Kinders is vir voedsel van hulle ouers afhanklik (of die regering, waar daar geen oerlike sorg is nie). Op dieselfde manier reken prisoniers op die staat vir voedsel.

Daar word van alle ander mense verwag om hulle eie voedsel te voorsien. Daar word net van die regering verwag om seker te maak dat die omgewing gunstig is vir mense om toegang tot voedsel te hê (kyk hieronder na verdere bespreking van die staat se verpligtinge). Dit is slegs as mense nie hulle eie voedsel kan bekom nie, dat die regering vir hulle direkte hulp moet gee.



### 3. Hoe skakel jou reg op voedsel met ander regte?

Die reg tot voedsel skakel baie nou met ander regte. Om voedsel op die tafel te hê, moet jy eers toegang hê tot ander basiese regte en dienste. Om voedsel te bekom, moet jy dit self verskaf deur boerdery, visvangs of –prossessering, of dit op die mark koop.

- Om voedsel te produseer het jy onder andere grond, water en beskerming teen uitsetting nodig. Met ander woorde: jy moet jou reg op toegang tot hierdie regte kan uitoefen.
- Om voedsel te koop moet jy toegang hê tot die middele om geld te verdien (deur byvoorbeeld indiensneming of self-indiensneming of maatskaplike toelaes). Jy moet daarom jou reg op handeldryf, werk en maatskaplike bystand – wat sorg dat jy die geld het om voedsel te koop – uitoefen.
- Om vis te vang, moet jy toegang hê tot die see, damme, riviere en mere.
- Om die regte gehalte voedsel te hê, moet jy opgevoed wees omtrent die voedingswaarde van voedsel en hoe om dit voor te berei en te bewaar – die reg op onderwys.
- As jy nie eet nie, sal jy siek word, stadig agteruitgaan en sterf. Voedsel skakel dus baie nou met die reg op gesondheid.

Jou reg op waardigheid word geskend as jy 'n bedelaar word of uit vullisblikke eet. Jou reg op gelykheid, asook jou reg dat daar nie teen jou gediskrimineer word nie, word geskend as die middele waarmee jy voedsel produseer vernietig word, of as jy op grond van jou ras, ouderdom of geslag by 'n bepaalde winkel weggewys word.

Jou reg op voedsel skakel dus met die uitoefening van 'n hele spektrum regte, soos die reg op grond, maatskaplike sekerheid, handel dryf en werk, water, onderwys, beskerming teen uitsetting, gelykheid, waardigheid en lewe.

### 4. Hoe beskerm internasionale wette jou reg tot voedsel?

Jou reg op voedsel word deur internasionale wetgewing beskerm. Dit word aangetref in 'n aantal internasionale dokumente soos verklarings, konvensies, protokols, aksieplanne en riglyne. Die belangrikste hiervan is die Internasionale Konvensie oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte van 1966 (International Covenant on



Economic, Social and Cultural Rights) (ook bekend as ICESCR). Suid-Afrika het ICESCR onderteken, maar dit nog nie bekragtig nie. Artikel 11 van hierdie verdrag vereis dat state mense se reg op voldoende voedsel, asook die reg op vryheid van honger erken, en dat hulle stappe doen om dit te implementeer.

Die Verenigde Nasies se Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte (United Nations Committee on Economic, Social and Cultural Rights) – die liggaam wat toesig het oor die implementering van ICESCR – het die betekenis van artikel 11 in 1999 uiteengesit. Algemene Opmerking (General Comment) 12 voorsien ons van belangrike inligting omtrent

- die pligte en verantwoordelikhede wat die reg op voedsel meebring
- maniere waarop die reg op voedsel geskend kan word
- maniere om hierdie reg te implementeer en te monitor.

Hierdie kwessies word later in die boekie verduidelik.

Kinders se reg op voeding word in artikels 24 en 27 van die Konvensie oor die Regte van die Kind van 1989 (CRC) beskerm. Suid-Afrika het die CRC bekragtig. Ander dokumente beskerm die reg op voedsel tydens gewapende konflik en natuurrampe, of as jy met vlugtelingte te make het.

Die reg op voedsel is verder deur die Vrywillige Riglyne oor die Progressiewe Verwesenliking van die Reg op Voldoende Voedsel in die Nasionale Konteks (Voluntary Guidelines on the Progressive Realisation of the Right to Adequate Food in the National Context) (Vrywillige Riglyne) verhelder. Hierdie riglyne is in 2004 deur die lidlande van die Food and Agriculture Organisation aanvaar ten einde lig te werp op hoe hierdie reg in die praktyk geïmplementeer kan word. State kan hierdie riglyne gebruik om die toepaslike beleid en programme te ontwikkel sodat hierdie reg in hulle grondgebied verwesenlik kan word. In 'n verklaring wat deur die VN se Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte aanvaar is, het die Komitee 'n beroep gedoen op state om die strukturele oorsake van die onlangse wêreld-voedselkrisis aan te spreek deur die Vrywillige Riglyne toe te pas en in te skerp.

Die Afrika-Handves oor Menseregte en die Regte van Volke van 1981 (African Charter on Human and People's Rights) (Afrika-handves) erken nie die reg op voedsel uitdruklik nie. Suid-Afrika het hierdie verdrag bekragtig. Die Kommissie vir Menseregte en die Regte

van Volkere – die liggaam wat die implementering van die Afrika-handves monitor – is egter van mening dat, wanneer die regte op lewe, gesondheid en ontwikkeling saam gelees word, die reg op voedsel implisiet deur die Afrika-handves beskerm word. Hierdie beslissing is in die geval van *Social and Economic Rights Action Centre and the Centre for Economic and Social Rights v the Government of Nigeria* (Communication No 155/96, 2001 AHRLR 60) gegee. Die Afrika-Kommissie het bevind dat Nigerië die reg op voedsel geskend het deurdat hy nie die besoedeling van die omgewing deur oliemaatskappye voorkom het nie, en deurdat hy sy militêre personeel toegelaat het om die oeste en plaasvee van die Ogoni-gemeenskap te laat doodmaak.

Hierdie beslissing beteken dat jy nou die reg op voedsel ingevolge die Afrika-handves kan opeis.

## 5. Hoekom is internasionale wette belangrik vir jou?

Daar is drie redes hoekom internasionale wette vir jou belangrik is in verband met die reg op voedsel. Eerstens het internasionale wetgewing 'n sleutelrol gespeel in die opstel van die Suid-Afrikaanse Grondwet. Daar is 'n hele aantal regte in die Handves van Regte wat soortgelyk is aan regte wat in internasionale verdrae voorkom. Die reg op voedsel is maar een daarvan.

In die tweede plek gee ons Grondwet ook internasionale wetgewing 'n spesiale rol by die interpretasie van al die regte wat daarin voorkom. Artikel 39 van die Grondwet sê dat ons howe internasionale wette in ag moet neem wanneer al die regte in die Handves van Regte geïnterpreteer word. Dit beteken dat wanneer hulle die reg op voedsel interpreteer, ons howe aandag moet skenk aan byvoorbeeld Algemene Opmerking 12. Dit beteken ook dat die regering die Vrywillige Riglyne en ander dokumente in ag moet neem wanneer beleid rakende die reg op voedsel uitgevaardig word.

Derdens: hoewel Suid-Afrika nog nie die *ICESCR* bekragtig het nie, beteken die feit dat hy die dokument onderteken het dat hy homself daartoe verbind het om die regte daarin te verwesenlik. Soos reeds genoem, het Suid-Afrika verder die ander dokumente wat jou reg op voedsel beskerm, bekragtig. Dit beteken dat Suid-Afrika 'n internasionale verpligting het om te verseker dat kinders se reg op voeding verwesenlik word.





## Belangrike punt

*As jy nie weet wat jou reg op voedsel beteken en wat die Suid-Afrikaanse regering moet doen om dit te implementeer nie, kan jy Algemene Opmerking 12 en die Vrywillige Riglyne lees.*

## 6. Wat beteken die reg op voldoende voedsel?


Om te verstaan wat die reg op voedsel in Suid-Afrika beteken, gebruik ons hoofsaaklik (maar nie uitsluitlik nie) Algemene Opmerking 12, die Vrywillige Riglyne en beslissinge van ons howe omtrent ander belangrike sosio-ekonomiese regte.

Om hierdie reg te verstaan, moet jy eers die verskil tussen "liefdadigheid" en "'n reg" verstaan. Liefdadigheid gaan gepaard met welwillendheid. Die persoon wat liefdadigheid doens het geen verpligting om te gee nie, en die ontvanger is nie geregtig op dit wat aan hom/haar gegee word nie. 'n Liefdadige benadering tot voedsel beteken dat honger mense passiewe ontvangers is van voedselpakkies of kontant-vir-voedsel vanaf die regering, gemeenskapsgroeperinge en individue. Die verskaffers van die voedsel is met ander woorde nie moreel verplig om dit te voorsien nie. Dit ondermyn die ontvangers van die voedsel se menswaardigheid geweldig.

'n Reg, aan die ander kant, is iets waarop jy eenvoudig geregtig is omdat jy 'n mens is. Dit kan wetlik afdwing word. Wanneer ons sê dat elkeen die reg op voedsel het, beteken dit dat die staat onder verpligting is om mense wat honger ly en diegene wat aan voedselonsekerheid ly, van voedsel te voorsien. Die erkenning van voedsel as 'n reg beteken dat arm mense wat voedselpakkies mag ontvang, se respek en waardigheid herstel word. Dit is omdat hulle daarop geregtig is om die voedsel as 'n reg te ontvang. Die erkenning van hierdie reg help ook om ontslae te raak van die persepsie dat voedselonsekerheid hoofsaaklik (afgesien van natuurrampe) deur mense self veroorsaak word. Dit gaan dus uit van die standpunt dat dit immoreel is vir die regering om niks te doen terwyl sy mense van honger en wanvoeding omkom nie.

Die reg op voedsel plaas dus 'n verpligting op die staat om seker te maak dat jy te alle tye deur jou eie middele toegang het tot





voedsel, of as jy nie in staat is om self voedsel te bekom nie, deur bystand van die staat af.

Die reg op voedsel word verwesenlik wanneer elke man, vrou en kind, hetsy alleen of gesamentlik, te alle tye fisieke en ekonomiese toegang tot voldoende voedsel het, of 'n manier het om dit in die hande te kry. Hierdie reg kan omskryf word in terme van voedselsekerheid. Voedselsekerheid bestaan wanneer alle mense te alle tye genoeg voedsel van die regte soort kan bekom om 'n gesonde en aktiewe lewe te lei.

Die reg op voedsel het verskeie belangrike elemente: voedsel moet *voldoende, toeganklik, beskikbaar en volhoubaar* wees.

### *Voldoende*

Jy sal sien dat ons Grondwet verskillende woorde gebruik wanneer hy die reg op voedsel omskryf. Dit bepaal dat elkeen die reg het op toegang tot 'genoeg voeding', dat elke kind die reg het op 'basiese voeding', en dat elke aangehoudene en prisoner die reg het op 'voldoende voeding'. Daar is nie 'n belangrike verskil tussen die woorde 'genoeg', 'basiese' en 'voldoende' nie. Hulle beteken almal eenvoudig dat daar genoeg voedsel moet wees.

'Voldoende' beteken dat jy toegang behoort te hê tot voedsel wat:

- genoeg is om te keer dat jy honger ly.
- gebalanseerd is in voedingswaarde – 'n goeie mengsel van koolhidrate, proteïene, vette, minerale en vitamïene wat jou voedingswelstand sal bevorder en dat verseker dat jy 'n aktiewe, gesonde en waardige lewe lei.
- veilig en sonder skadelike stowwe is. Voedsel uit 'n vullisblik, of voedsel wat verval het of nie in die koelkas gebêre is nie (as dit daar gehou moet word) is moontlik nie meer veilig nie. Dit kan baie skadelik vir jou gesondheid wees, en selfs jou lewe in gevaar stel.
- aanvaarbaar is vir verskillende godsdienstige en kulturele groepe. Voedsel wat byvoorbeeld nie halaal is nie, is vir Moslem-gemeenskappe nie aanvaarbaar nie.

### *Toeganklik*

'Toeganklik' beteken dat dit maklik moet wees om voedsel te bekom.

- Dit moet fisiek toeganklik wees. Dit beteken dat dit te alle tye binne mense se bereik moet wees. As jy mense byvoorbeeld uitsit op grond wat hulle gebruik om voedsel te produseer en hulle





dwing om in afgeleë plekke te gaan woon, ontnem jy hulle van fisieke toegang tot voedsel. Die regering moet ook seker maak dat kwesbare groepe soos die slagoffers van natuur- en ander rampe, vlugteling, aangehoudene persone en prisoniers fisieke toegang het tot voedsel.

- Voedsel moet bekostigbaar (met ander woorde, ekonomies toeganklik) wees. Dit beteken dat alles gedoen moet word om voedselpryse vir almal bekostigbaar te hou, maar veral vir arm mense. As gevolg van die onlangse stygings in voedselpryse kan baie mense nie eens meer die basiese voedselsoorte bekostig nie, en loop hulle gevaar om slegte eetgewoontes aan te kweek wat 'n ernstige uitwerking sal hê op hulle gesondheid en wat hulle lewens in gevaar sal stel.

### *Beskikbaar en volhoubaar*

'Beskikbaar' beteken dat daar genoeg voedsel moet wees om die hele bevolking te voed. In die meeste lande – insluitend Suid-Afrika – was daar onlangs 'n tekort aan voedsel as gevolg van die internasionale kredietkrisis.

'Volhoubaar' beteken dat voedsel te alle tye beskikbaar moet wees om nie net die huidige geslag te voed nie, maar ook toekomstige geslagte.

## 7. Watter verantwoordelikhede en verpligtinge bring hierdie reg mee?

### *Jou verantwoordelikheid (wat moet jy doen?)*

Jy het in die eerste plek die verantwoordelikheid om jouself en jou gesin met behulp van jou eie middele voedsel te gee. Niemand mag met die middele wat jy gebruik om jou voedsel te produseer, inmeng nie. Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders van voedsel te voorsien.

Die regering is verplig om seker te maak dat dit vir jou moontlik is om jouself deur jou eie middele van voedsel te voorsien. Die regering kan byvoorbeeld 'n wet maak wat jou daarteen beskerm dat enigiemand inmeng met jou middele om voedsel te produseer. Dit is net as jy nie in staat is om vir jouself (en jou kinders, as jy 'n ouer is) voedsel te voorsien nie, dat die staat verplig is om hulp te verleen.





### *Die regering se verpligtinge (wat moet die regering doen?)*

Ons Grondwet plaas twee stappe verpligtinge op die regering. Eerstens bepaal artikel 7(2) dat die regering al die regte in die Handves van Regte – insluitend die reg op voedsel – moet respekteer, bevorder, beskerm en verweselik. Artikel 7(2) plaas verder 'n verpligting op die regering om, binne die perke van beskikbare hulpbronne, redelike *wetgewende en ander maatreëls* in te stel ten einde die reg op toegang tot voldoende voedsel in toenemende mate (oor 'n tydperk) te verweselik.

Hierdie verpligtinge oorvleuel en sluit by mekaar aan. Die verpligting om *wetgewende stappe* te doen beteken dat die regering wette moet deurvoer om mense teen die optrede van andere (maatskappye of individue) wat toegang tot voedsel belemmer te beskerm. Die verpligting om ander maatreëls in te stel, beteken dat die regering verplig is om beleid en programme te loods wat toegang tot voedsel sal ondersteun en verweselik. *Ander maatreëls* kan ook beteken dat die regering bewussyn moet opwek (*bevorder*) omtrent die reg op voedsel en die programme wat aanvaar is om hierdie reg te verweselik.

Om saam te vat: al hierdie verpligtinge beteken eenvoudig dat die regering verplig is om stappe te doen om seker te maak dat

- genoeg voedsel beskikbaar is
- voedsel toeganklik is
- voedsel voldoende, veilig en aanvaarbaar is.

### *Wat moet die regering doen om seker te maak dat daar genoeg voedsel beskikbaar is?*

- Die regering moet eerstens 'n omgewing skep wat boere help om genoeg voedsel te produseer.
- Hy moet verder die invoer en uitvoer van voedsel beheer, veral wanneer ons die risiko loop om nie genoeg voedsel te hê nie.
- Hy moet verseker dat mense te alle tye in staat is om natuurlike hulpbronne soos grond en water te gebruik om voedsel te produseer.
- Hy moet die produksie en voorraad van voedsel monitor sodat ons nie voedsel aan ander lande weggee terwyl ons self risiko loop om nie genoeg voedsel in die land te hê nie.





*Wat moet die regering doen om seker te maak dat die beskikbare voedsel toeganklik is?*

- Die regering moet seker maak dat niemand ontnem word van die middele om voedsel te produseer nie – soos grond en water. Die regering kan wette deurvoer wat mense daarteen beskerm om van hulle grond of uit hulle huise – wat hulle gebruik vir die produksie van voedsel – uitgesit word.
- Hy moet stappe doen om mense in staat te stel om vir hulleself voedsel te produseer. Die regering kan kleinboere ondersteun deur vir hulle toegang tot grond, subsidies en landbou-opleiding te bied. Hy kan ook bestaansboerdery aanmoedig deur voedseltuine in gemeenskappe en by huishoudings te borg. Hy moet onmiddellik optree – hetsy op sy eie of met internasionale hulp – om regverdig en sonder diskriminasie deur middel van humanitêre hulp (kontant of goedere) te verseker dat niemand honger ly nie.
- Hy moet stappe doen om te verseker dat daar nie op grond van ras, geslag, nasionaliteit of politieke oortuiging gediskrimineer sal word teen iemand wat probeer om toegang tot voedsel te verkry nie. Jy behoort nie van voedsel weerhou te word omdat jy swart, 'n vrou of 'n buitelanders is, of omdat jy aan 'n opposisieparty behoort nie. Die regering kan wette maak wat dit vir enigiemand (veral voedselmaatskappye) onwettig maak om teen spesifieke groepe te diskrimineer.
- Die regering moet seker maak dat voedsel nie te duur is vir gewone mense nie. Hy kan die pryse van basiese voedselsoorte reguleer, daardie basiese voedsel van BTW vrystel, die produksie daarvan subsidieer of prysbeheer instel.
- Waar mense nie in staat is om voedsel vir hulleself te produseer of te koop nie, moet die regering inspring om hulle direk te help. Hierdie mense mag die slagoffers wees van natuur- of ander rampe, of die kinders van ouers wat nie in staat is om hulle te voed nie, wat nie werk kan kry nie of wat te arm is om voedsel te koop. Die regering kan direkte bystand verleen deur vir hulle geld (maatskaplike toelaes) of koopbewyse (voedselseëls) te gee om voedsel of voedselpakkies mee te koop.



*Wat moet die regering doen om seker te maak dat die beskikbare voedsel genoeg, veilig en aanvaarbaar is?*

- Die regering moet seker maak dat die voedsel wat geproduseer word, die korrekte balans het wat kalorieë, proteïene, vette, minerale en vitamene betref, sodat mense 'n gesonde en waardige lewe kan lei.
- Hy moet basiese standaarde vir die produksie, voorbereiding en berging van voedsel instel, en hy moet daardie standaarde aan die publiek en voedselmaatskappye bekendstel. Voedselmaatskappye moet byvoorbeeld goedere se vervaldatum duidelik op items aanbring, en voedsel waarvan die vervaldatum verstryk het, van die winkelrakke verwyder.
- Hy moet stelsels in plek stel om voedsel se veiligheid en voedingswaarde te meet.

As die regering nie hierdie dinge doen nie, kan dit veroorsaak dat die reg op voedsel geskend word.

*Verpligtinge van die privaatsektor (wat moet privaatrospelers doen of nie doen nie?)*

Baie mense woon vandag in stedelike gebiede, en produseer nie hulle eie voedsel nie. Hulle koop dit by voedselmaatskappye. Die verpligting om voedselsekerheid te waarborg kan daarom nie net aan die regering oorgelaat word nie. Boere, vervaardigers en handelaars het 'n groot rol om te speel.

Die regering bestuur eenvoudig die produksie en verspreiding van voedsel om seker te maak daar is te alle tye genoeg voedsel vir almal deur wette en beleid rakende voedsel in te stel. Hy moet ook toesig hou oor die optrede van voedselmaatskappye. Vervaardigers en handelaars moet hierdie wette en beleid volg en toepas. Hulle mag byvoorbeeld nie saamsweer of onbillike sakepraktyke toepas wat veroorsaak dat voedselpryse styg nie. Hulle moet voedsel verskaf wat nie mense se gesondheid skade doen nie.

Ander maatskappye (soos oliemaatskappye) moet nie voedsel of die hulpbronne waarmee voedsel geproduseer word, besoedel nie.

## 8. Hoe kan jou reg op voedsel geskend word?

Oor die algemeen word jou reg op voedsel geskend as die regering nie seker maak dat voedsel beskikbaar, toeganklik, voldoende en



aanvaarbaar is nie. As jy nie voedsel in die hande kan kry nie omdat die regering nie hierdie verpligtinge nagekom het nie, kan jy aanvoer dat die regering jou reg op voedsel skend.

## Skending as 'n versuim om iets te doen


*In reaksie op die wêreldkrisis oor voedselpryse het die VN se Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte in Mei 2008 'n verklaring uitgereik. Die Komitee het gesê dat die huidige voedselpryskrisis neerkom op 'n versuim om uitvoering te gee aan die verpligting om 'n billike verdeling van die wêreld se voedselvoorrade na gelang van behoefte te verseker. Die voedselkrisis weerspieël die mislukking van sowel nasionale as internasionale beleid wat moet verseker dat almal fisieke en ekonomiese toegang tot voedsel het.*

Nie elke geval van versuim om voedselsekerheid te waarborg is egter die regering se skuld nie. Voedselonsekerheid kan byvoorbeeld deur natuurrampe soos hongersnood of droogte veroorsaak word, or deur die globale voedselmark (byvoorbeeld die huidige stygende voedselpryse). In sulke gevalle word daar van regerings verwag om diegene wat erg deur hierdie gebeure geraak word, van hulp te voorsien. Die regering skend hierdie mense se reg op voedsel as hy nie sulke hulp verskaf nie.

### Voorbeelde van die skending van die reg op voedsel

Die regering skend jou reg as hy

- *nie jou reg respekteer nie:* Die regering meng met jou reg op voedsel in as hy jou – net soos die regering tydens apartheid met swart mense gemaak het – van die grond afsit wat jy gebruik vir die produksie van voedsel. 'n Ander voorbeeld is as die regering sonder 'n goeie rede ophou om jou maatskaplike toelae uit te betaal.



- *nie jou reg beskerm nie*: As die regering nie stappe doen om andere te verhoed om met jou toegang tot voedsel in te meng nie, skend hy sy verpligting om jou te beskerm. Dit kan byvoorbeeld gebeur as die regering jou nie teen groot maatskappye beskerm wat gevaarlike stowwe in jou woongebied stort en die water besoedel wat jy gebruik om voedsel mee te produseer nie.
- *nie jou reg bevorder nie*: Die regering skend hierdie verpligting as hy jou nie inligting verskaf oor bestaande programme omtrent voedsel en dat jy dalk mag kwalifiseer om daaruit voordeel te trek nie.
- *nie toegang tot voedsel vergemaklik nie*: Die regering skend hierdie verpligting as hy nie daarin slaag om 'n instaatstellende omgewing te skep waardeur mense toegang tot voedsel het nie. 'n Voorbeeld hiervan is as hy niks doen om die uitwerking van stygende voedselpriese op arm mense te verminder nie (byvoorbeeld as die regering nie basiese voedselsoorte van belasting op toegevoegde waarde (BTW) vrystel nie).
- *nie voedsel voorsien nie*: Die regering skend moontlik hierdie verpligting omdat hy versuim om diegene wat hulleself nie kan voed nie, direk by te staan. 'n Voorbeeld hiervan is as die regering nie bystand verleen aan diegene wat deur natuurrampe geaffekteer word, of wat oor die algemeen voedselonseker is nie.
- *sy voedselprogram of -beleid teen groepe laat diskrimineer of hulle uitsluit*: Die regering skend die reg op voedsel as sy voedselprogram op grond van ras, geslag, nasionaliteit of politieke oortuiging teen mense diskrimineer, of as hy mense wat besonder weerloos is, uitsluit.

## 9. Watter wette gee uitdrukking aan die reg op voedsel?

Die regering het in 2002 begin om 'n nuwe wet te skryf om nasionale voedselosekerheid te bestuur en te koördineer. Daar is egter nog nie veel vordering hiermee gemaak nie.

Aspekte van die reg op voedsel word tans deur artikels in verskillende wette beskerm.





- Uitsetting: Verskillende wette beskerm mense daarteen om uitgeset te word. Hierdie wette laat hulle toe om te bly waar hulle is, om die grond verder vir voedselproduksie te gebruik, of seker te maak dat niemand hulle sonder rede verhoed om die see vir visvangs te gebruik nie. Die wette sluit in:
  - o die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), Wet 3 van 1996
  - o die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid, Wet 62 van 1997
  - o die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond, Wet 19 van 1998
  - o die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, Wet 18 van 1998 (beskerm vissermanne se visvangsregte)



Hierdie wette vereis dat die houe die feit dat iemand die grond gebruik om voedsel te produseer, in ag moet neem wanneer hy besluit om 'n uitsettingsbevel toe te staan of nie.



- Maatskaplike bystand: Die Wet op Maatskaplike Bystand (Wet 13 van 2004) reguleer die voorsiening van maatskaplike toelaes aan sekere groepe mense (bejaardes, kinders en slagoffers van natuurrampe of korttermyn-krisisse). Die Wet is daarop gemik om te verseker dat arm mense of mense wat deur 'n voedselkrisis bedreig word, toegang tot voedsel het.

## 10. Watter beleid en programme gee uitdrukking aan jou reg op toegang tot voedsel?



Die regering se hoof-beleidstuk omtrent voedsel is die Geïntegreerde Strategie vir Voedselsekerheid vir Suid-Afrika (2002). Hierdie beleid is daarop gemik om seker te maak dat daar genoeg voedsel in die land is, en dat elkeen in Suid-Afrika te alle tye toegang het tot voedsel. Dit is ook daarop gemik om een van die sogenaamde Millennium- Ontwikkelingsdoelwitte (Millennium Development Goals) te behaal, naamlik om honger, wanvoeding en voedselonsekerheid teen 2015 met die helfte te verminder.



Die regering het 'n aantal programme ingestel om die doelwitte van die Beleid oor Voedselsekerheid te bereik. Hierdie programme vervul verskillende aspekte van die verpligtinge wat die reg op voedsel meebring.

### *Programme wat toegang tot voedsel vergemaklik*

Die volgende is die regering se programme wat dit moontlik maak vir mense om toegang te hê tot die hulpbronne om voedsel mee te produseer of te koop.

Program	Wat die program doen	Hoe om daartoe toegang te kry
Grondherverdeling vir Landbou-ontwikkeling (LRAD)	Die program bied finansiële bystand aan kleinboere uit Swart-, Bruin- en Indiërgeledere om grond of implemente vir landboudoeleindes te koop.	Jy moet geld (minimum van R5 000), eiendom, vee of arbeid bydra om toegang te kry tot die LRAD-subsidie. Skakel die Departement van Grondsake.
Gemeenskapsgebaseerde Openbare Werke-program	Die program skep werkseleenthede deur gemeenskappe by openbare werke te betrek sodat hulle geld kan verdien om voedsel mee te koop.	Skakel die Departement van Openbare Werke.
Armoede-verligtings-program	Baie departemente gebruik hierdie program vir hulle spesifieke sektor. Die Departement van Wetenskap en Tegnologie het byvoorbeeld 'n agri-prosesseringsprojek. Hierdie departementele programme skep werk in gemeenskappe en ontwikkel die vaardighede in daardie gemeenskappe.	Hierdie projekte is bedoel vir jongmense, vroue en mense met gestremdhede. Skakel die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling by sy tolvrye nommer: 0800 601011, of ander departemente vir verdere inligting omtrent hulle armoede-verligtingsprogramme en hoe om daartoe toegang te kry.

*Programme wat direkte bystand verleen met toegang tot voedsel*

Program	Wat die program doen	Hoe om daartoe toegang te kry
Primêre Skoolvoedingskema van die Skoolvoedingsprogram	Die program betaal vir maaltye vir kinders by sekere laerskole in armoede-geteisterde gebiede.	Skole doen by die Departement van Onderwys aansoek om fondse uit hierdie program. Sekondêre skole mag ook aansoek doen.
Proteïen-energie Wanvoedingskema as deel van die Geïntegreerde Voedingsprogram	Die program voorsien klinieke en hospitale van voedingsaanvullings om wanvoeding aan te spreek en te voorkom. Kinders en moeders van pasgebore babas kry byvoorbeeld Vitamien A by klinieke.	Gaan na jou naaste gesondheidskliniek.
Maatskaplike toelaes uit die Maatskaplike Bystandsprogram	Die program gee geld aan kinders (kindersorgtoelaag), bejaardes (pensioen), mense met gestremdhede (ongeskiktheidstoelaag), pleegkinders (pleegsorgtoelaag) en oorlogsveterane. Daar is ook 'n noodtoelaag vir mense wat korttermyn-krisisse ervaar. Hierdie toelaes, wat vir drie maande toegeken word, stel mense in staat om voedsel te koop.	Hierdie toelaes (buiten die pleegsorgtoelaag en die noodtoelaag) word toegeken op grond van jou inkomste, wat beteken dat jy 'n sekere inkomste moet verdien, of in die geval van die ouderdomspensioen, dat jy oor 'n spesifieke ouderdom (60) moet wees. Skakel die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling by sy tolvrye nommer: 0800 601011



### *Programme wat toegang tot voedsel bevorder*

Hierdie program voed mense op en lig hulle in omtrent die voedingswaarde en veiligheid van voedsel.

Program	Wat die program doen	Hoe om daartoe toegang te kry
Gemeenskapsgebaseerde Voedingsprogram	Die program mik daarna om voedselsekerheid te verhoog deur kennis omtrent voeding te verbreed, die versorging van vroue en kinders te ondersteun en 'n gesonde omgewing te bevorder.	Skakel die Departement van Gesondheid of jou plaaslike kliniek.

## 11. Hoe kan jy jou reg op voedsel opeis en verdedig?

Jy kan jou reg op voedsel opeis deur deel te word van bestaande programme en deur die regering hof toe te neem as jy dink dat die reg geskend word. Jy kan seker maak dat die regering hierdie reg respekteer en implementeer, deur aan wetgewende en beleidmakende prosesse deel te neem. Jy kan die reg op voedsel bevorder deur andere op te voed en deur bewusmaking omtrent hierdie reg.

### *Hoe om toegang te kry tot bestaande programme*

Die regering het 'n aantal programme geloods om seker te maak dat almal te alle tye voedselsekerheid ervaar. As jy bystand van die regering nodig het om voedsel te bekom, is dit jou verantwoordelikheid om waar moontlik regeringsdepartemente (nasionaal, provinsiaal of plaaslik) te skakel of te besoek. Daar is baie regeringsprogramme afgesien van dié wat by hierdie boekie ingesluit is.



### *Hoe om deel te neem aan wetgewende en beleidmakende prosesse*

Groepe, samelewingsorganisasies en individue het die verantwoordelikheid om deel te neem aan die maak van wette omtrent voedselsekerheid.

- Jy kan jou byvoorbeeld beywer vir nasionale wetgewing oor voedselsekerheid wat toegang tot voedselsekerheid verbreed deur voedselverwante wette, beleid en programme te koördineer en te integreer.
- Jy kan 'n beroep doen op die regering om voedselsekerheid 'n prioriteit te maak, of om dit in begrotings, beplanning en beleid as 'n spesifieke dienslewingskategorie te hanteer.
- Jy kan 'n reg-op-voedsel-beweging stig, of 'n veldtog voer oor kwessies wat te make het met voedselsekerheid.

### *Opvoeding en bewusmaking*

Burgerlike organisasies (insluitend nie-regeringsorganisasies, gemeenskapsgebaseerde organisasies en geloofsgebaseerde organisasies) het die verantwoordelikheid om gemeenskappe omtrent hul reg op voedsel in te lig, asook hoe om dit op te eis en te verdedig. Hulle moet bewustheid opwek omtrent bestaande programme waardeur mense toegang kan kry tot voedsel of die middele om dit mee te koop.

### *Hoe om jou reg op voedsel af te dwing*


- Jy kan klagtes omtrent jou reg op voedsel by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie [South African Human Rights Commission (SAHRC)] indien. Die SAHRC kan jou klag ondersoek, en indien nodig, die saak selfs namens jou hof toe neem.
- Jy kan die hof direk nader as jy glo dat jou reg deur die regering, die privaatsektor of 'n individu geskend of bedreig word. As jy aan hierdie opsie dink, sal dit help om 'n prokureur te vind. As jy nie 'n prokureur kan bekostig nie, kan jy regshulpsinstellings of NRO's soos die Legal Resources Centre, die Women's Legal Centre en ander regshulpklinieke of hulpkantore nader wat jou gratis kan help.



## Kontakbesonderhede

Instelling	Kontakbesonderhede
Departement van Landbou	Privaatsak X250, Pretoria, 0001 Tel: 012 319 6000 Faks: 012 321 8558 <a href="http://www.nda.agric.za">www.nda.agric.za</a>
Departement van Onderwys	Privaatsak X895, Pretoria, 0001 Tel: 012 326 5911 Faks: 012 321 6770 <a href="http://www.education.gov.za">www.education.gov.za</a>
Departement van Gesondheid	Privaatsak X399, Pretoria, 0001 Tel: 012 328 4773 Faks: 012 325 5526 <a href="http://www.doh.gov.za">www.doh.gov.za</a>
Departement van Grondsake	Privaatsak X250, Pretoria, 0001 Tel: 012 319 6886 Faks: 012 321 8558 <a href="http://land.pwv.gov.za">http://land.pwv.gov.za</a>
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling	Privaatsak X885, Pretoria, 0001 Tel: 012 312 7637 Faks: 012 321 2658 <a href="http://www.dsd.gov.za">www.dsd.gov.za</a>
Departement van Wetenskap en Tegnologie	Privaatsak X894, Pretoria, 0001 Tel: 012 843-6300 <a href="http://www.dst.gov.za">www.dst.gov.za</a>
Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie	Privaatsak X2700, Houghton, 2041 Tel: 011 484 8300 Faks: 011 484 7146 <a href="http://www.sahrc.org.za">www.sahrc.org.za</a>





SOCIO-ECONOMIC  
RIGHTS PROJECT



COMMUNITY  
LAW CENTRE



UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

